

SKEP 'N PROBLEEM VIR JOU PROBLEEM!

INLEIDING:

Ons lewe in 'n tyd wat mense dikwels perspektief verloor. Ek het net die ander dag (toe ek nie kon glo dat ek iets gemis het nie) vir Liesl gesê: *'Dis of die vyand nie meer mense se lewens verwoes nie, hy mislei hulle net'* En deur ons stelselmatig oor tyd te mislei haal hy ons dikwels heeltemal uit die prentjie uit. Die ergste van misleiding (as ek die een is wat mislei is): **EK WEET NIE DAT EK NIE WEET NIE!**

Die enigste manier om regtig misleiding teen te werk is WAARHEID en ons het dikwels 'n opregte vriend/in nodig om ons op 'n liefdevolle wyse met daardie waarheid te konfronteer om misleiding in ons lewens uit te lig.

Die probleem is dat sulke vriende skaars is en hulle is dikwels te bang om vir ons die waarheid te bring, aangesien dit moontlik 'n vriendskap op die spel kan plaas as ons nie die waarheid wil ontvang nie.

Ek wil nie te min vandag probeer om dit te waag en daardie vriend vir jou te wees ten opsigte van 'n *'PROBLEEM'* wat ek toenemend by mense ervaar en moet ek ongelukkig belei – My gesin ook nie teen gevrywaar is nie en dikwels geneig is om bietjie fokus te verloor.

DIE PROBLEEM:

'Pappa, hoekom sukkel ons finansiëel so?'

'n Opregte vraag wat spreek van 'n kind se opregte ervaring. 'n Ervaring wat groot en deels deur die ouers gereflekteer word.

'Ek weet nie my kind, ons vertrou maar die Here vir 'n deurbraak.'

'Maar Pappa, julle vertrou darem die Here nou al lank vir hierdie deurbraak.'

Weereens 'n opregte vraag wat spreek van 'n kind se opregte ervaring en weereens 'n ervaring wat groot en deels deur die ouers weerspieël word.

'My kind ek weet nie ons moet seker maar net geduldig wees

'n Gesprek wat enige dag in byna 95% van ons wat hier sit vanoggend se huishoudings kon plaasvind.

Byna ons almal ervaar finansiële druk en byna almal dink van tyd tot tyd dat hulle finansiëel sukkel.

Een les wat ek die afgelope tyd geleer het is om pynlik eerlik met die Here te wees. *****

So kom ons sê hierdie ouer besluit om sy kind se 'wonder' na die Here toe te neem.....

Ek wil vanoggend in groot nederigheid probeer weergee wat ek Sy antwoord VIR MEESTE VAN ONS sou wees as ons na hom toe gaan met die vraag:

Here, gaan ek nog eendag ryk word?

Ek dink Sy antwoord vir meeste van ons sal wees:

Julle is klaar ryk – SKATRYK!

Here, maar dis nie waar nie

WAAROP HY GAAN SÊ

HET JY GEWEET:

In Suid-Afrika verdien 80% van alle huishoudings minder as R5 000-00 per maand, 'n verdere 10% huishoudings se besteebare inkomste is minder as R8 500-00 per maand, wat beteken dat indien jy vanoggend hier sit en jou gesamentlike huishoudelike besteebare inkomste is meer as R8 500-00 per maand, vorm jy deel van die 10% rykste huishoudings in Suid-Afrika. Suid-Afrika se gemiddelde huishoudelike besteebare inkomste beloop R7 500-00 per maand.

Meeste mense hoef net 5 dae 'n week te werk om genoeg geld te verdien om hulle en hulle gesin vir 7 dae te onderhou ten opsigte van kos en huisvesting. Het jy geweet dat dit nie die geval is in die meerderheid huishoudings in die wêreld nie.

Dan is daar nog huishoudings soos myne wat uitsonderlik geseënd is en waar slegs een persoon uit 'n huishouding van 5 lede vir 5 dae hoef te werk om genoeg te verdien om vir al 5 genoeg kos en huisvesting vir 7 dae te voorsien.

Meer as 3 biljoen mense leef met minder as R30-00 per dag.

As die Here dit nou vir my op my vraag uitwys is my reaksie min of meer dieselfde as julle sin nou:

Niemand het nou nie eintlik op en af gespring en hande geklap en gejuig oor hoe ryk hy is nie, want ek (soos meeste van julle) neem dit wat ons het net eenvoudig as vanself sprekend, omdat ons leef in 'n kultuur wat net *SO GESEËND* is

VIDEO -CLIP

Kan ons voor ons aangaan met mekaar ooreenkom dat die MEESTE van ons hier vanoggend is eintlik SKAT SKAT RYK!

Maar Here ek het so baie probleme!

As jou probleme begin met my huis, my tuin, (ek praat nie eers van my swembad nie), my motor, moet jy dit net eers identifiseer as "ryk man's probleme" voordat jy te veel aandag en energie daaraan spandeer. Daar is mense wat, wat sou wou gee om jou probleme te hê.

Die eerlike gesprek met die Here gaan aan:

Maar Here ek VOEL nie ryk nie !

My kind, ek weet – en dis My probleem – omdat julle nie ryk voel nie, tree julle nie soos 'n RYK mens op nie – en weet julle wie lei die meeste – nie julle gesinne nie – MY KONINKRYK !

Julle dink julle sal ryk voel as julle baie geld het, maar een van die nuwe effekte van rykdom is dat ryk mense gewoonlik in ontkenning leef en dit is net so vreemd want lang mense erken hulle is lank, kort mense erken hulle is kort, introverte erken gewoonlik hulle is introverte, ekstroverte kan nie wag om jou te vertel hulle is ekstroverte nie, maar wanneer dit by ryk mense kom sal mense net nooit erken dat hulle ryk is nie, hulle leef in 'n ontkenning.

Daarom, ongeag hoe jy voel my kind, moet julle leer om RYK TE WEES, want meeste van julle, gemeet aan wêreld standaarde, is klaar SKATRYK, maar julle is baie swak daarin om RYK TE WEES.

Daar is baie materiaal beskikbaar wat mense kwansuis vertel hoe om ryk te word, maar weet ons hoe om RYK TE WEES?

Dit is regtig my gebed en hoop vir elkeen in hierdie gemeente dat ons sommer "stink" ryk sal raak, maar wanneer ons daar kom moet ons goed wees daarin en daarom is dit belangrik dat ons nou reeds sal begin oefen.

U sien - Geld het seker gevolge en nuwe effekte vir die mens en dit is waarom Paulus vir Timoteus gewaarsku het en 'n baie spesiale en spesifieke boodskap vir RYK mense gegee het en onthou – ons het nou net met mekaar ooreengekom – ons is eintlik almal SKAT RYK.
Daardie Boodskap is vir ons bedoel!!

Paulus help vir Timoteus om aan ryk mense leiding te gee oor hoe om GOED RYK TE WEES, want reeds 2 000 jaar terug was mense, net soos vandag nog, nie baie goed daarin om ryk te wees nie en veral volgelinge van Jesus, moet anders wees as die ryk mense van hierdie wêreld.

Daar mag dalk van u wees wat op die stadium dink:

'Hier gaan ons alweer – nou gaan hy weer oor geld praat – die klein twak het ons mislei met daardie titel in die sms.'

Ek wil u gerus stel – ek gaan nie oor geld praat nie (in elk geval nie op die manier wat julle dink nie) ek gaan oor jou hart praat, MAAR ek wil tog noem:

As jy die evangelies lees sal jy sien dat Jesus meer oor geld gepraat het as oor die hemel en die hel, hoekom?

Want jou Hemelse Vader se hoof kompeteerder vir jou hart, **IS GELD**.

SO DIT WAAROO EK VANOGGEND WIL PRAAT GAAN EERSTENS OOR ONS HARTE !!!

Want:

- geld het bepaalde gevare vir ons harte wat ons moet teenwerk en onself teen moet beskerm, en
- ook omdat die Koninkryk skade lei as ons dit nie regkry om die gevare van geld teen te werk en dit uiteindelik nie regkry om goed daarin te wees om RYK TE WEES nie.

DIE PROBLEEM VAN RYKDOM:

In sy spesiale boodskap aan Timoteus gaan Paulus reg na die kern van die "issue" toe.

1 Tim 6: 17

Command those who are rich in this present world not to be arrogant nor to put their hope in wealth, which is so uncertain,

Paulus begin met die woord "**Command**" wat beteken om 'n opdrag / instruksies te gee.

those who are rich in this present world ... ONTHOU ons het ooreengekom byna almal van ons.

"Not to be arrogant

.... nor to put their hope in wealth, which is so uncertain"

DIT IS 'N REUSE PUNT WAT PAULUS HIER MAAK EN ONS MOET DIT NIE MIS NIE.

Paulus beklemtoon dat wanneer ons ryk raak en soos wat ons meer geld en meer goed kry is daar iets wat geneig is om met ons hoop te gebeur.

Wanneer jy daardie verhoging of bonus of bevordering kry, wanneer dinge begin beter lyk, begin iets met jou hoop gebeur, maar ons sien dit nie gebeur nie, dit is nie 'n besluit wat ons doelbewus neem nie, maar soos wat ons leefstyl begin verbeter en ons inkomste begin groei, begin ons hoop verskuif of migreer na ons geld, die versameling van rykdom en ons besittings.

En Paulus sê vir Timoteus: *"Waarsku daardie ryk mense dat hulle nie moet toelaat dat hulle hoop verskuif of migreer nie!"*

Die skrywer van Spreuke, wat slimmer en wyser was as enige van ons, hy het geskryf:

Prov. 18:11

"The wealth of the rich is their fortified city; they imagine it a wall too high to scale.

"they imagine it", want dis nie waar nie, hulle is mislei.

Wat Salomo sê:

Is soos wat ons rykdom bymekaar maak en soos wat ons hoop migreer begin ons dink dat daar 'n bedrag geld is of 'n batewaarde is, wat as ons dit kan bereik en dit kan bymekaar maak sal die mure rondom ons so hoog gebou wees dat dit ons laat veilig voel.

"Hoeveel geld sou jy sê het jy nodig om vir jou voorsiening te maak vir alle moontlike toekomstige gebeurlikhede?"

Die antwoord vir almal van ons is presies dieselfde:

Meer as wat jy huidiglik het - en dit sal altyd die antwoord wees.

Die rede: Want soos wat jou rykdom groei, ontstaan die vraag onwillekeurig:

"Maar wat as ?" "Sê nou maar net ?"

'n Noodwendige gevolg van ons hoop wat migreer na ons goed en na ons rykdom is dat ons hande begin toegaan om wat ons het en die gevolg daarvan is dat ons al minder gee en al minder vrygewig is en die uiteindelijke gevolg is dat ons nie goed daarin is om RYK TE WEES nie.

En die volgende stap, soos wat ons hande begin toegaan?

Ek het vroeër gesê dat geld die grootste kompeteerder met jou Hemelse Vader vir jou hart is, kyk wat sê Salomo:

Spreuke 30: 7 - 9

“Two things I ask of you, LORD ;do not refuse me before I die:

⁸ Keep falsehood and lies far from me;

give me neither poverty nor riches, but give me only my daily bread.

⁹ Otherwise, I may have too much and disown you and say, ‘Who is the LORD?’

Salomo waarsku ons hier dat daar 'n gevaar is dat rykdom 'n wig tussen ons en God kan indryf tot so mate dat ons op 'n punt kan kom waar ons kan sê "Wie is die Here ?", omdat ons nie meer in afhanklikheid van HOM leef nie.

Paulus gaan verder in sy boodskap aan Timoteus:

“..... nor to put their hope in wealth, which is so uncertain

But put your hope in God who richly provide us with everything for our enjoyment”

Daar is dus niks daarmee verkeerd om goed te hê wat ons geniet nie, maar wat Paulus sê is dat ons dit nie moet waag om ons hoop in daardie goed te plaas nie.

Vra vir jouself die vraag:

"Hoekom sal ek in rykdom vertrou as ek die voorreg het om te vertrou in die Een wat ryklik voorsien."

HOE KEER EK DAT MY HOOP MIGREER?

Hoe maak ek seker dat my hoop nie verskuif nie?

Hoe verseker ek dat my hoop bly in die Een wat voorsien en nie skuif na die goed wat Hy voorsien het toe?

Hoe keer ek dat die Here onttroon word as die Koning van my Hart?

Paulus gaan voort in **vers 18** om vir ons leiding in die verband te gee.

“Command them to do good,

Wat interessant is, is dat Hy hulle nie opdrag gee om goed te wees nie, maar om goed te doen.

“to be rich in good deeds.”

Hy gee ook nie vir hulle opdrag om net gemiddeld goed te doen nie, want dit was alle Christene se opdrag is en Hy praat spesifiek nou met ryk mense, Hy gee vir hulle opdrag om ryk te wees in goeie dade met ander woorde om bo gemiddeld goed te doen.

“... and to be generous and willing to share.”

VRYGEWIGHEID

Vir ons as Christene moet ons vrygewigheid belangriker wees as ons teologie.

U sien, *“no strings attached”* vrygewigheid was die hoof kenmerk van die eerste eeuse kerk. Dit is moeilik vir ons om onself in hulle posisie te plaas, maar die eerste eeuse Christene het niks gehad nie.

Meeste volgelinge van Jesus kon nie werk kry nie, want die mense het hulle as 'n kultus groep (en by implikasie as "weird") beskou. Christene is vervolgd en vir leeuus gevoer. Hulle is gespot en moes dikwels die stede verlaat en in klein groepies in die platteland bly.

Vir die eerste 300 jaar na Christus het volgelinge van Jesus byna niks gehad nie!

Historisies vertel vir ons dat die een ding wat aan die eerste Christene/Kerk invloed en hefboomkrag gegee het, was juis nie rykdom nie (hulle het niks gehad nie), dit was nie hulle teologie nie (want die mense het gedink dit is vreemd en snaaks), maar dit was hulle *“no strings attached”* vrygewigheid. Hulle het min gehad, maar die bietjie wat hulle gehad het was hulle bereid om te deel met ander.

U SIEN HULLE HET HULLE LEIDING DIREK VAN JESUS GEKRY.

Een van sy laaste boodskappe in die bokamer was dat as jy ooit in 'n posisie van mag is, of as jy ooit krag of invloed het, moet jy onthou dat daardie krag, mag en invloed aan jou gegee is terwille van ander. Jy moet jou krag, mag en invloed en outoriteit tot voordeel van die wat swakker is gebruik.

En net nadat Jesus vir hulle sê alle mag en krag op aarde en in die heelal aan Hom gegee is, staan Hy op, haal so bokleed af en begin hulle voete was om vir hulle te illustreer dat die mag en invloed en outoriteit wat ons het aan ons gegee is om te gebruik vir die swakkeres rondom ons.

Hy los hulle met die boodskap: "Soos Ek dit aan julle gedoen het, moet julle aan ander doen".

Daardie manne wat daardie aand in die bovertrek saam met Jesus was het nooit weer daardie kragtige illustrasie vergeet nie en daarom het dit die uitstaande kenmerk van die eerste kerk en die eerste Christene geword.

Dit was totaal teenstrydig met die kultuur van die tyd. Beide die Grieke en die Romeine het gegee met die woord "*liberalis*" ingedagte, wat beteken gee sodat jy iets terug kan ontvang. So in die kultuur van die dag het jy gegee vir die wat vir jou iets kon terugdoen of gee. Die gevolg van die Griekse en die Romeinse kultuur was dat die persoon wat die meeste gehad het ook die meeste ontvang het. Almal wou altyd aan hulle goed doen, sodat hulle iets kon terug ontvang. **Klink bekend ?**

Jesus het in hierdie kultuur ingestap en gesê:

In My koninkryk werk dit anders. In My koninkryk doen jy aan ander wat hulle wat hulle nie vir jou kan doen nie en die basis waarop Jesus dit van sy volgelinge vra is omdat dit presies is wat Hy & Vader vir ons gedoen het, toe Hy vir ons gesterf het, wetende dat ons nie vir hom iets kan terugdoen nie.

Volgelinge van Jesus het hierdie idee van vrygewigheid aangehang, deur vir mense te gee sonder om enige iets in ruil terug te verwag en dit het uiteindelik die grootste kenmerk van die eerste eeuse kerk geword.

Kan jy dink wat in ons dorp en ons land sal gebeur as alle Christene hierdie beginsel snap en begin toepas. Die gesig en die beeld van die kerk sal heeltemal verander, want ons sal nie meer bekend staan vir dit waarteen ons is nie. Ons sal selfs nie eers meer bekend staan vir dit waarin ons glo nie, maar ons sal bekend word vir ons buitengewone liefde soos uitgedruk deur ons vrygewigheid.

Maar hoekom is dit vir Paulus nodig om vir ryk mense te sê om vrygewig te wees en bereid te wees om te deel.

Want hoe meer mense (ons) verdien, hoe minder is ons geneig om weg te gee, nie noodwendig in randterme nie, maar in persentasie terme.

Navorsing het gewys dat mense in die laer inkomste groepe gemiddeld 6% van hulle inkomste weg gee. Wanneer mense die middelklas betree gee hulle gemiddeld 4% van hulle inkomste weg en hierdie persentasie neem nog verder af wanneer mense hoër inkomstegroep vlak betree.

Maar Jesus is nie beïndruk met die randwaarde wat ons gee nie, wat vir Hom saak maak is die persentasies. God is nie beïndruk met hoeveel nulle agter 'n nommer verskyn nie.

Jesus leer ons dat God geïnteresseerd is in en beweeg word deur persentasies.

Mark 12: 41-44

⁴³ ***Calling his disciples to him, Jesus said, “Truly I tell you, this poor widow has put more into the treasury than all the others.***

⁴⁴ ***They all gave out of their wealth; but she, out of her poverty, put in everything — all she had to live on.***

Die Griekse teks gebruik die kleinste moontlike geldeenheid bekend in die tyd om die twee muntstukkies te beskryf wat die weduwee ingegooi het. In vandag se Suid Afrikaanse terme sou dit dus twee 10 sente gewees het.

Hier is wat Jesus daarvoor te sê het, luister mooi:

“truly I tell you, this poor widow has put more into the treasury than all the others. she, out of her poverty, put in everything — all she had to live on.”

Sy het in God se oë meer gegee as die persoon wat 'n R1 000-00 of selfs R10 000-00 ingegooi het.

Hoe kan dit meer wees ????? **Ons word gemeet aan wat ons terughou!**

KOM ONS RAAK PRAKTIES:

Baie mense het 'n spaarplan, dis goed. Ons almal het bestedingspatrone wat ons in 'n mate probeer beheer en beplan, maar die vraag is: Het ons 'n vrygewigheid -/ weggee plan?

Die meeste Westeringe is wat ons noem **3S-gewer - sporadies, spontaan en spaarsamig** en dis gevaarlik, want dit gaan nie keer dat jou hoop skuif wanneer jy met meer geseën word nie.

So stel jy jou hart in gevaar en jy loop die risiko dat jy mislei gaan word.

In plaas **3S-gewers** moet ons **3P-Gewers** wees: **prioriteit** - jy moet vooraf besluit wat jy wil weg gee, **persentasie** - besluit vooraf op 'n persentasie, **progressiewe gewer** - met ander woorde as jy ryker word kry jy 'n groter geleentheid te het en moet jou persentasie groei.

Hier is hoe dit prakties werk. Besluit vooraf oor 'n persentasie wat jy wil weggee en gee dit eerste weg.

WAT DIT DOEN IS DIT PRIORITISEER IEMAND ANDERS AS BELANGRIKER AS JYSELF.

Gee met 'n hart van dankbaarheid vir wat jy ontvang het.

Besluit ook vooraf waarheen jy daardie geld gaan gee en dan is dit van kardinale belang dat jy ook tyd sal spandeer by die plek waarheen jou geld gaan, want wat gaan gebeur is die begunstigde van jou geld gaan ook jou hart steel.

As jy 'n 3P-gewer wil word, belowe ek jou dat dit van jou gaan vra om jou greep op jou geld en jou goed los te maak, maar in die proses gaan jou goed en jou geld ook sy greep op jou verloor en jy sal die unieke geleentheid kan benut om ryk teenoor God te wees, wie so ongelooflik ryk teenoor jou was.

Besluit vooraf en moenie vasgevang word in die realiteite en die druk van jou omstandighede nie.

ONS BELONING VIR VRYGEWIGHEID:

Paulus sluit sy boodskap aan Timoteus af met 'n idee wat die afgelope eeue meer vrygewigheid tussen Christene gegenereer het as enige ander geloof. Ons sien vandag nog hoe Christene meer en meer vrygewig raak, namate hierdie idee vastrap plek in hulle harte kry.

Alhoewel Paulus afsluit met hierdie gedagte, wys hy eintlik in die heel eerste reël van die gedeelte al sy hand.

"Command those who are rich in this present world....."

Sien jy dit, as jy mooi na daardie gedeelte kyk kan jy nie help om vir jouself af te vra: "So watter ander wêreld kan daar dalk wees nie." Die enigste rykmense wat ek ken is mense wat in hierdie huidige wêreld ryk is. Hoekom sal hy dit enigsins bysit, hoekom praat hy nie net van "beveel hulle wat ryk is nie." Paulus wys sy hand dat hy glo daar is meer aan hierdie lewe as hierdie wêreld.

1 Tim 6: 19 - die laaste gedeelte

¹⁹ In this way they will lay up treasure for themselves as a firm foundation for the coming age, so that they may take hold of the life that is truly life.

In hierdie laaste gedeelte sê Paulus vir rykmense - wat reeds ryk is, dat deur vrygewig te wees bou hulle vir hulself 'n skat.

PAULUS SKUIF ONS AANDAG NA IETS WAAROOR JESUS DIE HEELTYD GEPRAAT HET.

Jesus het ons geleer dat hierdie lewe eintlik net 'n toets is.

In hierdie lewe het ons sekere gereedskap en toerusting ontvang en ons het in hierdie lewe oneindige geleenthede om hierdie toerusting, gereedskap en geleenthede te gebruik en wat ons daarmee doen bepaal nie waarheen ons gaan wanneer ons doodgaan nie, maar Jesus was duidelik dat dit bepaal hoe dit gaan wees wanneer ons daar aankom.

So Paulus sê vir Timoteus: "Sê vir daardie rykmense dat hulle het ekstra geleenthede en hulle het ekstra gereedskap en toerusting wat vir hulle addisionele geleenthede gee om hulle posisie in die hiernamaals vir die ewigheid te bepaal.

Met ander woorde sê vir die rykmense dat daar is baie meer op die spel as dit wat julle nou hier rondom julle sien en ons het 'n baie unieke geleentheid omdat ons ekstra het. **Moet nie die geleentheid mis nie.**

As jy begin om na geld te kyk buite die konteks van hierdie wêreld, maar in die konteks van die wêreld om te kom en buite die konteks van jou persoonlike koninkryk en die eerder vanuit die konteks van God se koninkryk sal geld sy greep op jou verloor en jou hand en jou hart sal oopmaak, want daar is geleenthede en daar is baie meer op die spel as wat ons dink.

Luk 12: 13 – 21

Gelykenis van die rykman:

15 Then he said to them, "Watch out! Be on your guard against all kinds of greed; life does not consist in an abundance of possessions."

16 And he told them this parable: "The ground of a certain rich man yielded an abundant harvest.

- *Die man wat ekstra gehad het;*
- *Deur hierdie verhaal roer Jesus se gevoel van jaloesie;*
- *In daardie kultuur was rykdom gesien as 'n teken dat God jou seën en armoede was gesien as 'n vloek. So op 'n stadium in die storie dink almal, hierdie persoon word werklik geseën deur God en hy moes dus baie goed reg gedoen het;*

17 He thought to himself, 'What shall I do? I have no place to store my crops.'

18 "Then he said, 'This is what I'll do. I will tear down my barns and build bigger ones, and there I will store my surplus grain.

- *Op die stadium lyk die gelykenis na 'n goeie storie en les oor hoe om te spaar, maar ongelukkig eindig die storie nie daar nie;*

19 And I'll say to myself, "You have plenty of grain laid up for many years. Take life easy; eat, drink and be merry."

- Die plan van die rykman dat hy dit nou sal spaar en later sal gebruik, was gebaseer op die misleidende veronderstelling: "As ek dit ontvang het, as dit in my hande geplaas word, is dit vir my bedoel."

Maar Jesus is die meester storie verteller

²⁰ **"But God said to him, 'You fool! This very night your life will be demanded from you. Then who will get what you have prepared for yourself?'**

- Deur God se vraag wie die man se goed sal kry as sy lewe van hom geneem word, ontbloom God die domheid van die veronderstelling dat alles in ons hande geplaas word vir ons eie gebruik;
- Wanneer die man dood is, kry iemand anders sy goed, maar in hierdie geval nie omdat hy vrygewig was nie, maar omdat hy dood is.

²¹ **"This is how it will be with whoever stores up things for themselves but is not rich toward God."**

Die belangrikste insig van hierdie verhaal, en baie van ons het dit vandag nodig om te hoor is: **Ons kry nie krediet vir die geld en goed wat ons agter laat nie, ons kry krediet vir die geld en die goed wat ons weggee. Die rede hiervoor is dat ons almal dieselfde hoeveelheid agter laat - ALLES !**

Hierdie man het alles verloor omdat hy gesterf het. Maar die grootste verlies was die geleentheid om iets te doen met alles wat hy gehad het:

"This is how it will be with who ever stores up things for themselves, but is not rich towards God." TOTALE VERLIES !

AFSLUITING:

U sien, Jesus het die hele godsdienstkultuur van sy tyd verander. In daardie tyd as iemand ryk teenoor sy god wou gewees het, het hy offers aan sy god gebring. Jesus bring 'n heel nuwe beginsel - as jy ryk teenoor God wil wees, moet jy vrygewig wees teenoor die mense wat hy na Sy beeld geskape het. As jy God wil beweeg of as jy God wil beïndruk doen jy nie iets teenoor God nie, maar jy doen iets teenoor sy mense.

Soos ek aan die begin gesê het is die meeste van ons reeds ryker as meeste mense in ons land en heel moontlik ons ouers en ons voorouers en dit is regtig my wens dat jy sommer nog BAIE meer geld sal hê - Maar ons moet nie toelaat dat rykdom ons op mors nie. In teendeel omdat ons volgelingen van Jesus is moet ons goed wees daarin om RYK TE WEES.

Weet dat soos wat jy ryker word gaan daar 'n geneigdheid wees dat jou hart en jou hoop migreer na jou goed toe en die enigste manier om dit te voorkom is om RYK TE WEES teenoor God en nie te leef onder die veronderstelling dat dit wat in my hande geplaas word daar gesit word vir jou eie gebruik nie.

So skep 'n probleem vir die probleem en kry 'n plan in plek wat sal verhoed dat ons in daardie rigting beweeg.

Die belangrikste ding wat hierdie kerk vir julle wil hê is nie julle geld nie, maar ons wil hê dat God julle harte sal kry. Ek belowe jou, jy sal nooit vir Hom kwaad wees vir hierdie boodskap en vir hierdie stappe wat jy neem nie, want:

Jy sal nooit geld mis wat jy weggee nie, nooit nie, want iets gebeur in jou hart wanneer jy gee.

Kom ek vertel jou watter geld mis jy wel:

- Jy mis geld wat jy gemors het, Jy mis geld wat jy spandeer;

- Jy mis geld wat jy swak belê het - Jy mis geld wat jy vir jou swaer geleen het, dit is die geld wat jy mis.

Maar jy sal nooit geld mis wat jy weggee nie, want iets gebeur in jou hart.

Dit is lewens veranderend en ek het nog nooit iemand ontmoet wat dit doen wat wens dat hulle kon terugkom en terugkeer en al die geld wat hulle weggee het kon terugkry nie.

So hoe om goed RYK TE WEES?

- Ek besluit vooraf dat ek nie arrogant gaan wees nie, ek het meer so ek gaan meer doen.
- Die enigste manier vir dit om te gebeur is om 'n 3P-gewer te raak. Maak dit 'n prioriteit, besluit vooraf op 'n persentasie en soos wat jy hard werk en geseën word raak progressief in wat jy gee.

So gaan jy keer dat jou hoop migreer, want jy het besluit om RYK TEENoor GOD TE WEES deur ryk te wees teenoor hulle wat Hy lief het en na Sy beeld geskape het.

XxXxX

S C Bester
29 Mei 2016